# Hoërskool Gimnasium

Sedert 1858

Posbus 281
PAARL 7620
Faks : (021) 872 8654
Telefoon : (021) 872 1541

Hoofstraat 416
PAARL 7620
E-pos:admin@paarlgim.co.za
Webtuiste: www.paarlgim.co.za

Geagte Ouer

10 November 2020

**HOËRSKOOL GIMNASIUM PAARL : SKOOLGELD VIR 2021**

Die vasgestelde skoolgeld vir 2021 is as volg:

| | Per Jaar | Per Kwartaal | Per Maand |
|---|---|---|---|
| Skoolgeld | R36 400 | R 9 100 | R3 640 |

***BANKBESONDERHEDE SKOOL***

Hoërskool Gimnasium
Eerste Nasionale Bank
Tjekrekening nr. 62116281411
Takkode: 200110
Verwysing: leerder se naam of rekeningnommer

**BETAALWYSES:**

**JAARLIKS:**
Betaling moet asseblief voor of op 28 Februarie 2021 geskied.

**KWARTAALLIKS:**
Betaling vind in 4 gelyke paaiemente plaas, en wel soos volg:
1ste kwartaal **– voor of op 7 Februarie**
2de kwartaal **– voor of op 7 Mei**
3de kwartaal **– voor of op 7 Augustus**
4de kwartaal **– voor of op 7 Oktober**

**MAANDELIKS:**
Betalings vind in 10 gelyke paaiemente plaas met die eerste betaling einde Januarie, en die laaste (10de) betaling einde Oktober. Betalings moet geskied voor of op die 7de dag van die daaropvolgende maand (byvoorbeeld: einde Januarie se paaiement is voor of op 7 Februarie betaalbaar).

**MAANDELIKS PER DEBIETORDER:**
Betalings vind in 11 gelyke paaiemente plaas, met die eerste aftrekking op **2 Januarie** en die laaste aftrekking op **1 November**. **Graad 8 (2021**) ouers se eerste aftrekking is eers op **1 Februarie 2021;** daarom sal dit in 10 aftrekkings geskied**.** Ouers wat van die debietorderstelsel gebruik wil maak, kan die verbintenisvorm by die administratiewe beampte (debiteure) kry. Bestaande debietorder-ooreenkomste word outomaties voortgesit. Indien u bankbesonderhede verander of u nie met debietorder-aftrekkings wil voortgaan nie, moet bogenoemde administratiewe beampte so spoedig moontlik skriftelik daarvan in kennis gestel word. Indien debietorder-aftrekkings twee keer onsuksesvol is, sal dit ongelukkig as metode van betaling geskrap word.

**KONTANTBETALERS:**
Let asb. daarop dat 'n kontanthanteringsheffing betaalbaar is op kontantbetalings groter as R1 000. Vir elke R1 000 kontant sal R 20 koste gehef word.

**<u>AGTERSTALLIGE REKENINGE</u>**

Skoolgeld is vooruit betaalbaar. Rekeninge word maandeliks per e-pos uitgestuur. Ouers wat nie oor ‘n e-pos-adres beskik nie, se rekeninge sal gepos word.

Let egter daarop dat, indien ‘n paaiement nie maandeliks teen die sperdatum (voor / op die 7de dag van die maand) betaal word nie, die volle uitstaande skoolgeld vir die jaar opeisbaar en betaalbaar is en oorhandig mag word vir die vorder daarvan.

‘n Skriftelike afbetalingsreëling kan met die skool se finansiële bestuurder getref word deur ondertekening van ‘n skulderkenning vir voorlegging aan en goedkeuring deur die beheerliggaam. Indien die skriftelike afbetalingsreëling nie aanvaar word nie, of alternatiewelik geen skriftelike afbetalingsreëling getref word indien skoolgelde agterstallig is nie, sal die uitstaande skoolgelde vir die jaar oorhandig word vir die vorder daarvan en sal die ouer aanspreeklik gehou word vir betaling van alle regskoste aangegaan soos op ‘n prokureur-en-kliëntskaal.

Alle ouers wat nie voor of op die 7de betaal nie, sal ‘n SMS betreffende agterstallige skoolfondse ontvang. Ons slegte skulde het oor die laaste tyd baie toegeneem en ons gaan ongelukkig baie streng moet optree oor agterstallige geld. Ons versoek u vriendelik om asseblief u betalings op datum te hou.

Indien u enige navrae ten opsigte van skoolfonds het, kan u die administratiewe beampte (debiteure), met vrymoedigheid tydens kantoorure (07:30 tot 16:00) by 021 8721541 kontak.

U samewerking ten opsigte van die betaling van skoolgeld word waardeer. Ons sien uit na nog ‘n wonderlike jaar vir die Gimmies.

Vriendelike groete

**O THOMAS**
**VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE**

**A J DU TOIT**
**VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM**